

Skriflesing: 2 Konings 6:8-23

Tema: God is by ons in 2017

Hoe kyk u na die nuwe jaar wat voorlê?

Ek dink ons kan op drie maniere na die jaar kyk:

Ons kan uitsien na die uitdagings wat voorlê. Ons is opgewonde en kan nie wag om die geleentheid wat die jaar gaan bied, te takel nie.

Van ons wil maar net oorleef. Ons kyk na die jaar en ons enigste reaksie is: "whatever".

Van ons sien die jaar as net nog 'n bedreiging. Ons sien die probleme en krisis wat op ons wag en is gespanne, bang en bekommerd. Ons verlang terug na die sogenaamde "goeie ou dae".

Ek wil die saak nie oorvereenvoudig nie, maar ek dink die volgende maak 'n verskil tussen die verskillende maniere waarop mense na die nuwe jaar kyk. Ek laat alles met 'n G begin om dit makliker te onthou:

1. God
2. Geloof
3. Gebed
4. Geloofsvriende

1. God

Ek wil aanneem dat almal van ons wat hier is, gelowiges is. As kind van die Here: "Wie is God vir jou?" Hoe leer ons God ken in die gelese gedeelte?

Hy is 'n Verbondsgod wat sorg vir Sy kinders

Elisa roep Hom aan as Here - die naam waarmee Hy Hom aan Sy volk verbind. Hy gaan met Sy volk 'n verbond aan om hul God te wees en hulle te seën en te beskerm.

God skuld ons niks. Tog loop Hy in liefde 'n pad met Sy volk. Hy maak moeite met ons en red ons. Hy sorg vir ons.

Hy is Alwetend

Dit is nie Elisa wat weet wat die Aramese koning in sy slaapkamer sê nie; dit is die God van Elisa wat weet.

God weet alles van my. Dit kan natuurlik bedreigend wees, maar vir ons as Sy kinders is dit 'n voorreg en 'n seën. Ons is nie bang om ons harte oop te maak voor God nie. Ons kan in elk geval niks vir Hom wegsteek nie.

Hy is Almagtig.

Ons lees in 2 Konings 6 vers 17 van die magtige verskyning van die Here: "Die berge rondom Elisa was vol perde en strydwagens van vuur." Hy is die een wat in beheer is.

Hy is die God wat alles kan doen, wat geloofsoë oopmaak en die Aramese leermag blind maak en weer laat sien.

Hy is Barmhartig.

In die feesmaal wat voorgesit word vir gevangenes probeer Elisa waarskynlik iets van die barmhartigheid en die almag van die Here toon.

Hy hoop dat die Arameers na die oorsprong van die barmhartigheidsbetoon sal vra, die Naam van die Here grootgemaak sal word en die sirkel van hul geweld gebreek sal word.

Iets hiervan het gebeur, want die bendes van die Arameërs het toe nie weer in die land Israel gekom nie.

Om barmhartig te wees, is om in iemand se skoene te klim en met so 'n persoon saam te loop en te ervaar wat hy of sy ervaar. God is barmhartig deurdat Hy in ons skoene klim. Deur Jesus Christus het God in ons skoene geklim en ons lewenspad saam met ons kom loop. Hy het onder andere ons swaar kom ervaar. Hy staan nie daar ver nie. Hy voel ons seer, verstaan ons vroe en deel in ons geestelike, fisieke en emosionele lyding.

Maar om kans te sien vir die jaar wat voorlê, gaan nie net oor God nie, dit gaan ook oor geloof. Omdat Hy God is, gryp ons Hom aan in geloof.

2. Dit gaan oor geloof

Geloof is nie om blindelings te glo nie. Dit is om te sien, om verder as die hier en nou te sien. God maak deur die Heilige Gees ons geloofsoë oop om die onsienlike te sien.

Elisa se slaaf word wakker en sien met sy eie oë net die realiteit. 2 Konings 6 vers 15: "Die môre vroeg het die slaaf van die man van God opgestaan, en toe hy uitgaan, sien hy 'n leër rondom die stad, met perde en strydwaens. "Ag, Meneer!" sê die slaaf vir Elisa, "wat gaan ons nou maak?"

Hy sien net die moeilikheid, gevaar en teenstand en is so lamgeskrik dat hy skoon van God vergeet. Hy maak soos almal van ons soms maak. Hy sien net die krisis. Ons sien die misdad, geweld, finansieël moeilike tye, omstandighede by die werk en ons vergeet van God.

Elisa sien verseker ook die realiteit, maar hy sien 'n groter realiteit as die vreesbevange slaaf. Hy sien in geloof verder en meer. Met oë van geloof sien Hy vir God en die almagtige teenwoordigheid van God. In geloof weet hy dat met God by Hom het hy niks om te vrees nie.

1 Konings 6 vers 16-17: "Hy het geantwoord: "Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is." Elisa het gebid: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien." Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur."

Mag ek so voorbarig wees om saam met Elisa te bely: "die Here, die Almagtige, is by my?" Daaroor mag daar geen twyfel wees nie. God self verseker ons telkens daarvan:

Hy is ons Verbondsgod. Hy het ons al by die doop verseker dat Hy ons God sal wees en die God van ons nageslag.

Oor Kerstyd is ons weer herinner aan die wonderlike waarheid in Matteus 1 vers 23: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons."

In Jesaja 43 sê God: "Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."

In Matteus 28 verseker die Here ons dat Hy al die dae tot voleinding van die wêreld by ons is.

In Johannes 10 sê Hy dat Hy en die Vader ons vashou en niks en niemand ons uit hul hande sal ruk nie.

In Hebreërs 13 vers 5 tot 6 lees ons: "God self het gesê: Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie. Daarom kan ons met vertrouwe sê: Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie:" Ek buig in afhanklikheid voor Hom.

En dit is die derde ding wat 'n verskil maak in ons kyk na die toekoms: **Gebed**

Elisa bid drie maal. Hy bid dat die Here die geloofsoë van die slaaf sal oopmaak sodat hy kan sien. Hy bid dat die Arameërs met blindheid geslaan sal word en in Samaria bid hy dat hul oë oopgemaak sal word. En telkens hoor en verhoor die Here sy gebed.

In Jakobus 3 vers 16b tot 18 lees ons die volgende van Elisa se voorganger se gebed: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer."

Een van die dinge wat ons altyd beter en groter kan doen, is gebed. Deur ons gebed maak God 'n verskil. En geloofsvriende help mekaar om getrou te bly in gebed. Geloofsvriende maak ook 'n verskil in ons kyk na die toekoms.

4. Geloofsvriende

God het ons nie gemaak om alleen te staan in geloof nie. Die slaaf was nooit alleen nie. Hy het Elisa as 'n broer in geloof gehad om hom te bemoedig vanuit die Woord en vir hom te bid. So het ons ook mekaar nodig.

Afsluiting

Wat sien u as u vooruit kyk na 2017? Ons sien verskillende bedreigings en uitdagings. Die belangrikste is dat ons almal in geloof God by ons sal sien. Dat ons vir mekaar sal bid: "Here, maak oop my broer of suster se oë dat hy of sy kan sien. En dat ons as geloofsvriende mekaar sal bemoedig: "Moenie bang wees nie. God wat by ons is, is meer as wat hulle is."

Amen